

DIE JAGSPINNEKOP

C. Pieterse

Jagspinnkoppe het in die volksmond heelwat verskillende name, te wete Rooi-roman, Sonspinnkoppe, "Jerrymuglum" en Haarkappers. Sommige mense noem hulle selfs verkeerdelik "Tarantulas".

Die meeste van ons het al erg geskrik wanneer ons paadjies met die gediertes s'n gekruis het. Dit is geen wonder nie, want hulle kan nogal groot word — 'n gemiddelde volwasse jagspinnkop se agterlyf alleen kan 6 cm lank wees, en dan het hy nog 'n kop en kake van 2 cm.

Jagspinnkoppe is egter nie ware spinnkoppe nie en hulle val onder 'n heel ander groep genoem die Solfugidae, wat, wanneer dit direk vertaal word, "creatures that fly from the sun" beteken. Wees gerus, die kans dat jy een sal sien vlieg is gering, maar jy sal hulle wel op 'n sonnige dag teekom waar hulle heen en weer in die son rondhardloop op soek na kos.

Hulle verskil van ware spinnkoppe deurdat hul agterlywe gesegmenteerd is teenoor die gladde agterlywe van spinnkoppe. Hulle besit 2 pare kake waarmee hulle hul prooi verbrysel teenoor die 1 paar kake van spinnkoppe. Ook besit hulle geen gifkliere nie en is dus nie giftig nie — pasop egter vir daardie kake. Die jagspinnkop maak geen web nie en is dus ware jagters wat hul prooi gaan soek. Hulle besit slegs twee oë wat swaksiende is en maak baie sterk op hul kaaktasters staat om oor die weg te kom. Die kaaktasters van die jagspinnkop bevat ook suiers wat hom help om teen gladde oppervlaktes op te klim.

Die jagspinnkop is geweldig vinnig en dit is baie moeilik om een te vang. Hulle is ook aggressief en dus baie goeie vegters en sal in meeste gevalle die wenner wees wanneer hulle in 'n geveg betrokke is met 'n spinnkop of skerpioen. Jagspinnkoppe toon ook sterk kannibaalse neigings en sal nie huiwer om van sy eie soort aan te val, te dood en op te eet nie.

Vir 'n dier wat so aggressief is soos die jagspinnkop, kan hofmakery ook maar 'n gevaarlike spel wees. By sekere spesies moet die wyfie in 'n beswyming (of kataleptiese toestand)



Met sulke kake hoef 'n jagspinnkop hom nie te bekommer omdat hy geen gifkliere besit nie.

wees voor paring kan plaasvind. Die mannetjie bestorm die wyfie en gooi haar om sodat die wyfie bewegingloos op haar rug lê. Hy mors op daardie stadium geen tyd nie en maak dan met sy sterk kake die wyfie se geslagsorgaan oop, sit sy sperm op die grond neer, waarna hy dit optel en in die wyfie se geslagsopening plaas. Hy maak die opening weer toe en laat spaander. Die hele episode duur net 'n paar sekondes.

Na paring maak die wyfie 'n diep gaatjie in die grond en lê die bevrugte eiers daarin. Nadat die klein jagspinnkoppies uit die eiertjies gekom het, voed die ma hulle vir 'n kort rukkie aan prooi wat sy na die nes bring.

Hulle oorwinter in gate of skeure en kom nie uit voor die lenteson die aarde verhit het nie. 



Die jagspinnkop soos jy hom in die natuur sal aantref.

BIBLIOGRAFIE

- SAVORY, T. 1977. Arachnida. London. Academic Press
WATSON, C. 1985. Die blitsige aggressiewe jagspinnkop. *Custos* 14: 8.
YATES, Y.H. 1968. *Spiders of southern Africa*. Cape Town: Cape & Transvaal Printers Ltd.